Falcon Fokus

Uitgawe 46 • November 2012

KOMPETISIE, KOMPETISIE, KOMPETISIE!

Dit wil voorkom asof daar elke jaar 'n toename in die aantal trekker- en implementverskaffers, finansieringsinstansies ens. is wat om 'n aandeel in ons land se betreklik klein, oorvol mark wil meeding. Jy hoef net NAMPO te besoek om die nuwe toetreders (sowel plaaslik as internasionaal) te sien, asook prospekteerders op soek na invoerders om hul produkte in Suid-Afrika te versprei. Die wêreld het skynbaar die wanbegrip dat Suid-Afrika die poort na die res van Afrika is en dat as jy eers hier is, jy hierdie massiewe geleentheid het om aan die res van Afrika te verskaf. As dit maar so maklik was!

Een van ons kernstrategieë is om alles in die stryd te werp om die beste in 'n produkkategorie te wees. Ons voeg geen nuwe implemente tot 'n reeks by totdat ons nie in die top drie in daardie produkkategorie is nie. Dit beteken dat ons baie tyd bestee aan marknavorsing en aan die toets van implemente voor ons hulle bekendstel, en jou dan van die tersaaklike bemarking- en verkoopsondersteuning voorsien. Ons wil hê dat elke implement 'n sukses moet wees.

Ons soek voortdurend na maniere om ons produksiemetodes en -koste te handhaaf en verbeter, en belê dus baie geld in die opgradering van ons vervaardigingstoerusting. Ons het onlangs 'n allermoderne Hartford CNC-masjien aangekoop, wat ons vermoëns in ratkasvervaardiging vergroot het en ons ook in die ontwikkeling van talle nuwe produkte sal help. Ons het 1 200 m² tot ons vervaardiging- en stoorgeriewe toegevoeg, wat ons toelaat om baie meer voltooide goedere te berg. Dit behoort ons leweringstye aan klante te verbeter, selfs in die besige tydperke.

Die opgradering sluit ook 'n nuwe opleidingsruimte in waar sowel interne as handelaarsopleiding sal plaasvind, sodat ons die beste diens aan ons klante kan lewer.

Deur die jare het ons reeks turfimplemente bestendig gegroei, en ons glo dis nou die regte tyd vir ons almal om op hierdie gespesialiseerde implementreeks te fokus – vandaar ons Lente-Turfpromosie. Ons sleuteloogmerke is om verkope aan die begin van die groeiseisoen op te stoot, navorsing te doen en inligting in te win, en klante in hierdie teikenmark 'n geleentheid te bied om hulle turfimplemente teen uitstekende pryse op te gradeer of te vervang. Ons sien uit na jou terugvoer in die komende maande.

Falcon Rotagang™

Die komende seisoen lyk positief en ons verwag goeie verkope landswyd. Die Oos- en Wes-Kaap het albei uitsonderlik goeie reën ontvang, en as die koringgebiede nog reën kry, kan ons bielie-oeste verwag. Ons bid dat die res van die land op die regte tye goeie reën sal kry, want kommoditeitpryse is goed, wat goeie dinge voorspel vir 'n wonderlike seisoen vir ons almal. Hooimakery was verlede seisoen definitief af, dus sien ons dit as 'n fokusterrein vir almal.

Laastens: Een van ons personeel het in 'n strategiesebeplanningsessie gesê: "Ons moet ons nie oor ons mededingers bekommer nie. Laat ons fokus op dit wat ons doen, en doen dít voortreflik goed!" Ek het gesê ek stem saam, maar dat ons darem ook een ogie moet hou op wat ons mededingers doen! Dankie vir jou wonderlike ondersteuning en mag jou besigheid gedy.

Hartlike groete

Steve Thurtell
Besturende Direkteur

Ns: Wenners sien foute as boublokke. Verloorders sien dit as struikelblokke.

En Nns: Dis nie die grootte van die man in die geveg wat tel nie, maar die grootte van die veggees in die man.

FALCON Est. 1985 werk vir jou!
VOTEX®
AMAZONE
WOODS The Attachment Experts.™
LOCUST®

VERBETERINGS BY FALCON IN HOWICK

Ons Fabriekuitbreiding

Vanweë die sukses wat Falcon Agricultural Equipment (Edms.) Bpk. bereik het in terme van die toenemende volumes en 'n groter verskeidenheid van handelsmerke en implemente, het dit nodig geword om ons fabriek uit te brei en 'n vierde vleuel te skep. Die totale vloeroppervlakte is gevolglik met 1 200 m² vergroot, wat ons toegelaat het om ons werksruimte heeltemal op te knap.

Die ingang na die nuwe 1 200 m² wat by die fabriek gevoeg is

Ons was in staat om die grootte van ons navorsing en ontwikkeling afdeling drievoudig te vergroot! Die nuwe gebied integreer alle aspekte, kantore en werkstasies, in 130 m², dus sal ons span meganiese tegnici en tekenaar meer effektief kan werk.

Die onderdele-en-koeëllaer-stoor

Ons stoor-en-monteringsarea is ook vergroot en dramaties opgegradeer. Vloerruimte het met 'n effektiewe 40% vermeerder. Die onderdeel-en-koeëllaerstoor is herontwerp en toegerus met nuwe trollies om die verplasing van onderdele meer doeltreffend te maak.

Die voltooidegoedere-stoor

Wat voltooide goedere betref, is ons nou in staat om meer implemente onderdak te stoor, en ons het ook 'n toegewyde ruimte waar ons die ingevoerde implemente sal monteer. Die aantal houers en die grootte van sommige van hierdie implemente (bv. Amazone Spuite) het hierdie verandering genoodsaak.

Ons het ook in 'n toegewyde opleidingsfasiliteit belê wat in staat sal wees om tot 50 mense te akkommodeer. Ons sal ons verkopevergaderings en handelaaropleiding hier aanbied.

Die opleidingsruimte van buite gesien

Jy kan verseker wees dat ons slegs die beste aan ons eindgebruikers wil bied en dat hierdie uitbreidings ons sal help om bestellings selfs nóg doeltreffender te kan uitvoer, selfs in ons besige tye!

Ons Nuwe Hartford CNC-Masjineringsentrum

Om mededingend en 'n leier op enige terrein te bly verg voortdurende vernuwing, ontwikkeling en belegging in mense en toerusting. Een van die geheime van die Falcon-wentelsnyers se sukses is dat die F50- en F80-reeks met plaaslik-vervaardigde Falcon-swaardiens- en -ekstraswaardiens-ratkaste toegerus is. Hierdie ratkaste word in ons fabriek gebou en het hulle lang, moeitevrye diens in alle toepassings bewys. Hulle is spesifiek ontwerp om die buitengewone werkstoestande in Afrika te kan trotseer en die hoër krag van die nuwegenerasie-trekkers op die mark te kan absorbeer.

Die nuwe Hartford CNC-Masjineringsentrum

As deel van ons fabriekontwikkeling het ons die allermodernste Hartford CNC-Masjineringsentrum aangeskaf. Hierdie sentrum is toegerus met die jongste tegnologie, wat ons sal help om die presisievlakke in ons huidige ratkaste te verhoog en ook om toekomstige ratkas-ontwerpe te verken. Die nuwe sentrum is integraal tot die verfyning van ons Falcon-ratkaste, asook ander transmissiestelsels, soos bv. die aftakmodule (splitter box) op die Falcon F50/300-wentelsnyer.

ONS LENTE-TURFPROMOSIE

Jy behoort 'n handelaarsbrief te ontvang het waarin die besonderhede van ons Lente-Turfpromosie uiteengesit word. Ons sien die promosie as 'n manier om ons handelaars en die Falcon-verkoopspan op ons volledige reeks turfimplemente te laat fokus. Die sleutel-oogmerke is om verkope te vermeerder en bykomende inligting in te win sodat ons die huidige markdinamika kan verstaan, wat 'n impak op langtermyn-verkope en geleenthede vir trekkergesleepte grassnyers sal hê. Ons het werklik jou hulp nodig!

Om te help verseker dat ons die regte vrae tydens die navorsingsproses vra, het ons 'n eenvoudige vraelys opgestel wat ons almal sal help om die markdinamika te verstaan. Die markte waarvan ons 'n beter begrip wil verkry, is onder andere skole, hoëronderwysgeriewe, behuisingslandgoedere, gholfbane, sportklubs, munisipale parke en kitsgrasperkboere. Ons besef dat elke mark anders is en 'n ander benadering vra, en hoop die inligting sal ons help om die geleenthede te beoordeel, gepaste produkte te ontwikkel, en meer effektief te bemark. Ons Streeksverkoopsbestuurders sal in dié verband met jou skakel. Ons sal die bevindings van hierdie navorsing deel sodra ons al die inligting het en dit gekonsolideer het in die tendense wat geblyk het.

Die reekse turfimplemente wat in die promosie ingesluit is:

Falcon

- Rollermower
- Grassmulcher™
- Blowermower™
- Rotagang™
- Finishing mower

Locust

- Rollermower

Amazone

- Groundkeeper

Om die korttermynverkope van hierdie implemente op te stoot, bied ons ekstra kortings aan vir die tydperk 1 Oktober tot 30 November 2012.

Ons wil soveel handelaars as moontlik aanmoedig om in dié tydperk 'n uitstalling te bou, want ons weet dat uitstallings eindgebruikers se belangstelling prikkel en sodoende verkope opstoot. Baie handelaars het alreeds van die promosiemateriaal ontvang, maar die toevoeging van nuwe elemente en bywerking van die uitstalling sal belangstelling laat toeneem. Ons het 'n reeks items ontwikkel

BEMARKINGSVELDTOG VIR 2013

Benewens die Lente-Turfpromosie sluit ons breër bemarkingsteun 'n verbreide reklameveldtog in wat uitbrei op die een wat ons verlede jaar saamgestel het. Jy sal dié sleutelboodskappe onthou:

"NOU PRAAT JY ..." vir die Falcon-handelsmerk. Hierdie boodskap herinner die eindgebruiker dat Falcon dié toonaangewende handelsmerk is en dat wanneer jy 'n Falcon koop, jy nie net 'n implement koop nie, maar gehalte, diens, toewyding en 'n uitstekende reputasie.

"Laat Elke Hektaar Geld" vir die Amazone-handelsmerk. Hierdie handelsmerk beliggaam die gevorderde tegnologie van presisieboerdery en help boere om hulle grond optimaal te benut.

"JUST WHAT YOU NEED!" vir die Locust-handelsmerk. Hierdie handelsmerk is hoofsaaklik vir kleinhoeweboere, ontluikende boere of prysbewuste kopers bedoel. Die eenvoudige reeks bied uitstekende waarde vir geld en verrig elke taak sonder gesukkel.

Hierdie mediaveldtog duur van Januarie tot Mei 2013. Ons sal in die hoofstroom-landboupublikasies Landbouweekblad en Farmer's Weekly adverteer, omdat ons 'n uitstekende reaksie kry wanneer ons dit doen, maar het ons blootstelling uitgebrei deur Veeplaas en Stockfarm by die mediamengsel te voeg, omdat hierdie twee publikasies bykomende dekking bied, soos artikels en blootstelling deur hulle webwerf. Veeplaas word regdeur Suid-Afrika versprei, en Stockfarm is beskikbaar by uitgesoekte afsetpunte en word ook buite ons grense versprei.

Locust-advertensies sal steeds in Gauteng Smallholder verskyn, waar die veldtog tot Julie 2013 verleng sal word. Jou Streeksverkoopsbestuurder sal jou op hoogte hou van die besonderhede van die advertensies.



Die nuwe Falcon Grassnyerbrosjure

om handelaars hiermee te help, insluitend plakkate, brosjures en prysflitse. Ons is ook hier om jou met promosie-artikels, turfadvertensies, tentoonstellings en demo's, of enige ander behoeftes te help. Moet asseblief nie huiwer om met jou Streeksverkoopsbestuurder hieroor te praat nie.

Hierdie promosie word belig in die NUUS-afdeling van **www.falconequipment.co.za.** Omdat baie besoekers die webtuiste besoek, sal dit 'n bewustheid van die spesiale aanbod verhoog. As jy enige navrae het, of oor jou betrokkenheid by die promosie wil gesels – en sodat jy jou grassnyerverkope kan vermeerder – kontak jou Streeksverkoopsbestuurder so gou moontlik.



Die nuwe Falcon Grassnyerplakkaat

DIE NUWE FALCON F80/200VH HOOIMAKER®

Ons het terugvoer ontvang dat ons bestaande Falcon F80/200V Hooimaker® nie so effektief is as wat ons sou wou hê as dit kom by die sny van sekere grassoorte, soos blou buffelsgras, wat plat lê wanneer dit lank is nie. Ons het gevolglik die implement gewysig deur die lemme na die H1460 Blowermower™ s'n te verander en het die implement herdoop na F80/200VH Hooimaker®. Die Blowermower™-lem is 'n hooglig lem wat 'n vakuum onder die dek skep en die materiaal oplig voordat dit dit sny, vir 'n effektiewer en doeltreffender snit. Sedert die bekendstelling van hierdie nuwe F80/200VH Hooimaker® het ons reeds vyf eenhede verkoop, en hoop om binnekort jou bestelling te ontvang!

Die Falcon F80/200V Hooimaker® met "piesang"-hooilemme (H1809)



Die Falcon F80/200VH Hooimaker® met Blowermower™-lemme (H1460)

Die besonderhede van die F80/200VH Hooimaker® verskyn in Handelaarsbulletin 4 van 2012. As jy dit nie ontvang het nie, vra asseblief jou Streeksverkoopsbestuurder om dit aan jou te stuur. Die partnommer vir die Falcon F80/200VH Hooimaker® is A0083 en die aanbevole kleinhandelprys is R38 400, BTW uitgesluit.

WEBWERF – SLUIT DIE AMAZONE SPUIT INLIGTING IN

Ons hoop jy het ons NUWE webwerf nou besoek en eerstehands die gebruiksvriendelike navigasie na die uitvoerige produkinligting, tegniese spesifikasies, brosjures en operateurhandleidings ervaar. Ons sal jou reaksie werklik hoog op prys stel!

Inligting oor die Amazone-spuit is die jongste toevoeging tot die webwerf. Ons hoop jy sal dit as 'n opvoedingsverwysing kan benut want dit sluit ook tegniese spesifikasies in, en jy sal ook kan sien watter opsionele ekstras vir die verskillende modelle beskikbaar is. As jy verdere inligting oor enige van die spuite benodig, kan jy die jongste brosjures en operateurshandleidings aflaai.

Besoek die webwerf asseblief gereeld vir die jongste nuus en om jou van die jongste toevoegings tot die webwerf te vergewis.



Die Amazone Spuit inligting op ons webwerf

PERSONEELNUUS

Ons Meganiese Tekenaar, Brendan Duncan

Ons wil graag vir Brendan Duncan, ons Meganiese Tekenaar, geluk wens met die voltooiing van sy Advanced Diploma in Mechanical Engineering Technology aan die Engineering Institute of Technology (EIT). ETI is 'n wêreldwye organisasie wat internasionaal-erkende kwalifikasies bied. Brendan se studieprogram is onderneem in ooreenstemming met Falcon se toewyding aan verskeie selfontwikkeling-hulpprogramme. Brendan het dikwels tot laat in die nag studeer, en deur hierdie toewyding sy kwalifikasie behaal. Baie geluk, Brendan, jy is 'n inspirasie vir al jou kollegas.

NUWE OMHEINING VIR DIE SKOOL

God's Little Lambs se nuwe heining voor

Die omheinde speelterrein agter

Die plaaslike preprimêre skool wat ons ondersteun, God's Little Lambs, moes dringend behoorlik omhein word, gevolglik het ons gegalvaniseerde omheining aan hulle geskenk en opgerig. Nou kan die kinders veilig buite speel en kan hulle ouers gerus wees dat daar goed na hulle kleintjies omgesien word.

STREEKSVERKOOPSBESTUURDERS ALTYD OP HULLE POSTE

Indien die onwaarskynlike sou gebeur dat u 'n probleem met 'n Falcon-implement ondervind, moenie vergeet dat 'n Streeksverkoopsbestuurder beskikbaar is om u te help nie. Hy sal u ook help om demonstrasies en promosies by skoue to reël.

Limpopo Provinsie, Mpumalanga en die res van Gauteng	KwaZulu-Natal, Swaziland, Oos en Suid Vrystaat	Westelike, Oostelike en Noordelike Provinsies	NoordWes Provinsie, Noord en Wes-Vrystaat en Sentrale Gauteng
Isak Nel 082 443 5916	Hennie Van Romburgh 082 458 6243	Riël Deysel 072 650 0786	Blackie Swart 082 560 2266

FALCON® Est. 1985

Falcon Agricultural Equipment (Edms) Bpk, Posbus 170, Howick, 3290, KwaZulu-Natal, Suid Afrika
Tel: +27 (0)33 330 4764, Faks: +27 (0)86 675 9318, info@falconequipment.co.za, www.falconequipment.co.za